Graad 6
Natuurwetenskappe & Tegnologie
Week 9: Memorandum

Donderdag, 18 Junie:

Hersiening van onderwerp 8, bl. 100

Hersiening van Onderwerp 8

LB bladsy 100

Wetenskapstaalaktiwiteit

Antwoorde

1. Water kan deur onoplosbare stowwe soos olie en plastiek besoedel word.
2. Seep en kunsmis is voorbeelde van oplosbare stowwe wat waterbesoedeling veroorsaak.
3. Gebiede wat gewoonlik met vlak water bedek is en permanent nat grond het, word vleilande genoem.
4. Vleilande filtreer water om besoedeling te verwyder.
5. Vleilande is die habitat van baie organismes soos vis, krappe en voëls.
6. Ons noem die verskillende soorte plante en diere in die ekostelsel die biodiversiteit van die ekostelsel.
7. Vleilande word bedreig deur menslike aktiwiteite soos boerdery.
8. Watergehalte is hoe veilig die water is om te gebruik.

Hersieningsaktiwiteit

Antwoorde

1. a. Langs die verffabriek. (1) Daar is die kleinste aantal organismes. (2)
   b. Verf (1). Dit is 'n oplosbare stof. (1)
   c. Vlei. (1) Die meeste organismes word daar aangetref. (2)
   d. Motors kan hulle op die pad doodry. (1)(1) (Aanvaar enige geldige antwoord.)
   e. Dit is 'n vleiland (1) wat besoedelende stowwe filtreer. (1)
   f. Die aantal organismes in die vlei sal verminder. (1) Die vlei sal gedreineer moet word (1) en baie organismes sal hulle habitat verloor. (1)

Totaal: 15